
# STROOM•OP

KWARTAALBLAD VAN DIE AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL EN DIE AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL — MAART 1974


## DRA JOU DEEL BY!

Een van ons sportliedjies lui ". . . . as elke ou Affie sy deeltjie bydra . . ." Sien? Hoeveel keer het die Affies dit nie al bewys dat berge versit word as elke Affie, let wel, **elke** Affie, sy deel bydra nie? Die kwartaal is reeds ver gevorder en dis duidelik dat die res van die jaar groot belofte op alle gebiede inhou mits **elke** Affie sy deel bydra.

Laat ons bydrae van nou af nie



*L.M. Rossouw: Hoofseun 1974.*

net in woorde wees nie maar ook in dade. Ons doen dit eerstens; om hierdie kleurryke skool van ons na nuwe hoogtes te dra, en tweedens; om onsself daardeur 'n sport hoër op die prestasieleer te voer. Onthou, die takke van 'n boom (ons Affies) kan alleenlik sterk staan as die stam (ons skool) sterk staan!

Kom, laat ons almal ons deeltjie – hoe gering ook al, begeesterd bydra. Onthou, elke nuwe skooldag is die laaste skooldag van die res van jou skoolloopbaan. Dra dus elke dag jou deeltjie by asof dit jou laaste skooldag is!


Laat ons saamstaam . . .; Laat daar samewerking wees . . .; Laat daar lig wees . . . .!

**L.M. Rossouw**

## VYAND IN ONS MIDDE!

**Die Verkeersveiligheid-vraagstuk in Suid-Afrika is besig om groter en groter te word, en dreig om in 'n krisis te ontaard. Die samewerking van elke landsburger, organisasie en instansie is nodig om iets te doen om die toestand te verbeter.**

Ook by Affies is die padveiligheidsduiwel besig om sy tol te eis. Einde verlede jaar is 'n leerling oorlede in 'n motorfiets-ongeluk.




*Dit mag wel 'n pragtige motorfiets wees, maar ongelukkig het die Affies bewys dat hulle kragfietse nie met die nodige verantwoordelikheid kan beheer nie.*

Vanjaar was daar reeds vyf ernstige motorfiets-ongelukke uit Affies se geledere. In die loop van verlede jaar was sewentien van ons leerlinge in ernstige motorfiets-ongelukke betrokke, en alles dui daarop dat hierdie syfer hierdie jaar by verre oortref gaan word. Die vraag is nou of ons hierdie toestand gelate gaan aanvaar. Gaan ons toekyk hoe die slagting en verminking van kosbare jong lewens hier in ons eie skool voortduur? Praatjies en vermaninge oor padveiligheid help niks. Gruwelike voorbeelde uit die verlede het ook blykbaar geen invloed op die bestuurders van motorfietse nie. Nee, dit is tyd dat iets meer drasties gedoen moet word.

In ons skool is daar ongeveer 50 leerlinge met motorfietse. Uit 'n redaksionele ondersoek het die volgende skokkende feite aan die lig gekom. Ongeveer agt leerlinge bestuur 'n motorfiets sonder 'n lisensie. Vyf leerlinge bestuur motorfietse groter as die vereiste 50 cc. enjin. Daar is selfs leerlinge wat gereeld by die skool opgedaag het met motorfietse met 'n enjin kapasiteit van 750 cc. Dikwels word Affies gesien wat sonder valhelms ry. Meer as 80% van die Affies maak hulle gereeld skuldig aan die wets-oortreding dat jy nie 'n ekstra passasier op die motorfiets mag vervoer nie. Ongelukke kom ook dikwels voor waar 'n Affie sy motorfiets aan 'n medeskolier leen wat nog nie eens behoorlik kan bestuur nie, wat nog te sê dat hy nie eers 'n lisensie het nie! Die ironie van die saak is dat minder as 15% van die leerlinge se omstandighede werklik 'n motorfiets regverdig! Is dit dan nog so verbasend dat meer as 50% van die motorfietsryers jaarliks in ongelukke betrokke is? (In grade van minder-ernstig tot noodlottig). Verder is dit ook 'n erkende feit dat in die meeste gevalle 'n motorfiets 'n groot deel bydra tot die feit dat 'n leerling se akademiese en sportprestasies agteruitgaan omdat die verlokking van die sosiale lewe soveel makliker bereikbaar is as jy 'n motorfiets besit.

Die Afrikaanse Hoër Seunskool neem die inisiatief en leiding op soveel gebiede. Kan ons nie ook op hierdie gebied 'n rewolusionêre positiewe leiding neem deur motorfietse (in samewerking met die ouers), te verbied by hierdie skool nie? Die pleidooi klink miskien oordryf, miskien self lagwekkend, maar tog is dit al wat sal help. Ek is seker dat as 'n ouer besef die kanse is feitlik 100% dat hulle kind in 'n ongeluk betrokke gaan raak met sy motorfiets, hulle samewerking vir hierdie saak gewen sal wees.

Ek spreek die vertroue uit dat die owerhede van die Afrikaanse Hoër Seunskool manmoedig en sterk genoeg is om hierdie kernbelangrike saak tot sy essensie deur te voer.

## WAGNER BIOLOGIE-STIPENDIUM

By die afsterwe van mej. Wagner het die gedagte spontaan by haar kollegas, oud-leerlinge en leerlinge ontstaan dat hierdie geliefde persoon op een of ander wyse in ons gedagtes moet bly voortleef. Ons het dit toe goed gedink om 'n gedenkfonds in die lewe te roep en daaruit toekennings vir haar lieflingvak, Biologie, te doen. Die bydraes het ingestroom en die fonds is reeds byna R200 sterk. Daaruit gaan ons jaarliks die volgende toekennings of stipendia doen:

1. Vir die St. 10-dogter wat die hoogste punte in Biologie behaal: R50.

2. Vir die st. 9-dogter wat die hoogste punte in Biologie behaal: R15.

3. Vir die St. 8-dogter wat die hoogste punte in Biologie behaal: R10.

Ons weet dat ons só mej. Wagner se nagedagtenis na waarde sal vereer. Indien daar oud-leerlinge, ouers of ander persone is wat nog bydraes wil stuur, kan hulle dit rig aan:

**Die Prinsipale**
**Afrikaanse Hoër Meisieskool**
**Bondstraat**
**Pretoria**

## ONS AFFIES KÁN TONEELSPEEL!



*"Does he love you, Emily?" Margaret Fölscher, Brumilda van Rensburg en Celia Barnard, wenners van die SACEE-trofee vir drama.*

'n Groot gebeurtenis onlangs in Pretoriase kultuurkringe was 'n dramafees, georganiseer deur SACEE (oftewel die South African Council for English Education) wat plaasgevind het in die Piet van der Walt-Teater vanaf 13-21 Maart. Agtien Engelse eenbedrywe, opgevoer deur 16 van ons stad se hoërskole, is aangebied en die bekende akteur en teaterkenner, Carel Trichardt, het as beoordeelaar opgetree.

Ons het twee eenbedrywe ingeskryf, nl. "Between The Soup and the Savoury", met Celia Barnard, Margaret Fölscher en Brumilda van Rensburg in die hoofrolle en "The Baby Carriage" met Tammy Alberts, Tinkie van Bergen, Milla de Villiers en Sandra van Olst.

Wat was die vreugde en opgewondenheid groot toe ons berig kry dat "Between The Soup and The Savoury" die SACEE-trofee gewen het! Die Dramafees-trofee is deur Clapham gewen en beide hierdie eenbedrywe is weer opgevoer op die 21ste Maart.

Baie geluk aan Celia, Margaret, Brumilda en die hele Engelse departement!



*POUSE OP AFFIES.*
*Sommige vier Fees*
*Ander sit in vrees!*





**BOERPAMPOEN EN KORINGBLOM**

Interhoër is 'nes boerpampoen,
hy wag lank op die solder.
jy haal hom af
en sny hom oop
en kyk!
die dag is 'n
skree-vrolike oranje lag
met koringblommetjieblou dirigente!

**Celia Barnard**

(Opgedra aan Elma – "wolkie.")

**THE BLEACH-LESSON**

Spider spider spun his web
Right on top of Elma's head
It looked like a piece of candy-floss
And it only disturbed the Big Boss
She said: Girls stop all this bleaching
It only troubles the teaching
And stop to try
And use every dye
You can get in the shop . . .
. . . For it only causes a FLOP!
Now the fluff is browner
And doesn't look so clashing
And everybody learned the lesson
Not to be so blimey dashing
As to go to the hair-dresser
For another bleach
And be another publical SCREECH!

**– HENDRINE**

**IN MATRIC**

You panic, you pray
each new day, for
The things that will come
may not be fun
You try your best
but you fail each test
Oh! when will it end
This nailbiting trend?

**Antionette Bezuidenhout**

**THE FIRST POEM**

My first poem was hard for me,
Because I wasn't sure how a poem should be.
The words didn't come out easily
I thought too hard about each single word
And the end came out abrupt and absurd.

**Charlotte van den Berg**
**Standerd 10E**

**"LANGS DIE KOEKSISTERS"**

Die koeksisters het verdwyn uit
die lewe van die Affies,
maar
lank lewe die plek
"langs die koeksisters"!
Menig koek en klein koekies,
karamelhorinkies, warmbrak,
vrugteslaai en roomys,
„Coke floats" en
oliebol
word verkoop
"langs die koeksisters"!
Geen afkondiging wat handel oor
lekkernye
is volledig sonder die towerwoorde
"langs die koeksisters" nie.
Die koeksisters is weg,
maar
lank lewe die plek
"langs die koeksisters"!


**L.L. St. 7.**


# THE SAINT

*Mans met smaak se klere kom van:*

**THE SAINT**

**Pakke van Londen en Oostenryk asook leer-baadjies**



*10% afslag vir kontant*

**Glenfair winkelsentrum**
**Lynnwood Manor**

*Kom besoek*

**THE SAINT**


**ONS KNAP DIRIGENTE**



# My own Valentine

Actually you hadn't thought about it, until last night when someone reminded you.
It's Thursday, 14 February 1974.
It's St. Valentine's Day.
Mom and Dad said nothing except the usual good morning.
Perhaps they don't even know what day it is.
You sigh.
You pick the most beautiful flower in your garden. It is your "Love" flower.
You imagine he gave it to you
Together with his Valentine card.
Someone on the bus mentions how many she got.
Then the hateful question: How many did you get?
You shrug your shouders.
Poor you!
Suddenly you remember Brigit Bardot and Goldie Hawn.
You wish you were like them.
You kick your feet moodily against your schoolbag.
Would you really have liked a dozen?
You admit in your heart it was just one you wanted
You haven't received it.
She has received it
You want to scream
You want to whisper his name

You hate her
You love him
You cry
Life goes on
You wait for 14 February 1975.

**Anonymous**

**To the teenybopper**

When a girl grows up to
standard eight
She giggles, blushes, starts to
date
Though she might think the
heartache fun,
The strain on all the rest is great.

**To the teacher**

I Think of the knowledge you
have got . . .
You must agree, it is a lot.
Won't it just be a useless waste
To chuck it round for us to swot?

**Rita Barnard (Oud-Affie)**


**DIE KELDER UITRUSTERS**

*Mans-, Seuns- en skooldrag teen*

**GROOTHANDELSPRYSE**

Amptelike verskaffers van die voorgeskrewe skooldrag van Affies.

**Ouers verkies die Kelder omdat:**

1. Ons diens die beste is;
2. Ons pryse die billikste is;
3. Ons voorrade die grootste is;
4. 20% korting op kontant.


**L.W. Ons nuwe adres is:**
**TRANSVAALHUIS**
**h/v Vermeulen- en van der Waltstraat**
**PRETORIA (regoor Munitoria)**
**Foon: 2-7070**

# ONS EIE "YANK"

**Affies het hierdie jaar weer die voorreg om 'n leerling van Amerika aan ons skool verbonde te hê. Hy is alreeds 'n ware Affie in woord en daad en rig die volgende boodskap tot sy mede-skoliere:**

"Since arriving in South Africa my ideas have changed. When I first heard I was coming to South Africa, all I could think of was the natives, lions and the grass huts. Many people think the same way as I did, but many also have the knowledge of knowing it is different.

I was so amazed at your beautiful cities and especially your homes. If you wanted to compare South Africa to an American state, it would have to be California and Florida. Your climate is very similar to these states, and the types of homes are constructed the same.



*Steve Templin – Affies se leerling uit Amerika. Steve is reeds 'n ware Affie en is hier afgeneem tydens die interhuis-atletiek waaraan hy deelgeneem het.*

I come from the eastern state Ohio, so we don't receive too much hot weather. The first couple days here I couldn't get used to the beautiful climate which made me very tired. I also had a very white skin when I came but now I am tanning.

School life is very different her than in America. Afrikaanse Hoër Seun School is very small when compared to my high school. Lakewood High is one of the largest schools in Ohio, which has a enrollment of 4 000 students. We do not have a dress-code, so your hair length and appearance is up to the person. They do make us though, be clean in body. Our school is very modern and large. We have most of the newest equipment available to our students. Our class average is about 35 students. Our school offers a variety of courses ranging from a course on marriage to Futuristic class. Each student is allowed to choose 2 courses from our varied list. We start school at 8.30 in the morning until 3.30 in the afternoon. Our school day consists of 9 periods which are 40 minutes each. We do not go straight through the day like here, but have study halls and breaks. Study halls are given to the 9 and 10 grades while free periods are given to the 11th and 12 grades. Sports are practiced after school at many different times. Our school offers Football, Basketball, Baseball, Tennis, Track, Cross Country, Wrestling, Swimming, Volleyball and Ice Hockey. Not all schools in America is like mine. We are too big a school so we enjoy many priviledges which the highs chools don't experience.

I have made many new friends here who have made my trip great. I have been living at the hostel for the last two weeks and it is quite different. My roommates there were Sarel Bekker, Richard Sachse, and Petrus Venter. They were all great to live with and were very helpful to me. They acted almost like new brothers to me. From my two weeks at the hostel I was able to get a small idea on what it is like there.

I can hardly wait for the rugby season to start. I play American football, but find South African rugby very different. I would like to thank all the persons who have put up with me during the last couple weeks while trying to get fit. I can honestly say I am in a better condition than when I came. The reason should be very interesting for all of us.

I have only been here for one term, but found it to be quite enjoyable and interesting. I hope that in the months to come I will be able to really experience the life as a South African. I want to adopt your customs and way of life for the remaining time. I have always accepted myself as one of the Affies."

# *Totsiens, Meneer*

**"Stil broers, daar gaan 'n hoof verby". Dit was die woorde waarmee L.M. sy afskeidswoorde aan mnr. J.D.V. Terblanché begin het. Op Woensdag 6 Februarie 1973 het die Afrikaanse Hoër Seunskool van sy vierde hoof afskeid geneem.**

Mnr. Terblanché het in sy afskeidsboodskap aan ons di stemme van Affies voorgehou. Hy het gepraat van talryke prestasies wat behaal is in die afgelope 54 jaar. Die stem van sportprestasies in besonder die van ons rugbyprestasies – die Administrateursbeker – en ander puik oorwinnings is genoem. 'n Ander stem wat mnr. Terblanché ons voorgehou het, was dié van akademiese prestasies. Daar is verwys na name soos Johan von Willich, Konrad le Roux, en ander. 'n Ander besondere stem wat by hom opgekom het was die van eerlikheid en gebalanseerdheid. L.M. het gesê dat daar baie mooi dinge van mnr. Terblanché gesê kan word, maar die belangrikste is dat hy in sy hart 'n ware Affie was en steeds bly. Soos mnr. Roesch gesê het "Saam met 'n Frank le Roux, 'n dr. Potgieter, 'n Jonathan Fourie, is daar ook 'n J.D.V. Terblanché wat rigting gegee het oor 54 jaar, sodat Afrikaans Hoër een van die puikste skole in ons land is. Die Afrikaanse Hoër Seunskool wens mnr. Terblanché 'n voorspoedige en gelukkige skof vorentoe toe!

# Bestuurders weer op Pad

Vol moed en vol ywer het 'n groepie manne onder leiding van P. van Aswegen en mnr. G. Viljoen die taak aangepak om die bestuurspan van 1974 die hoogtes in te voer. Middae na skool is beraadslag en besluite is geneem. gemoedere het partykeer hoog geloop maar toe die besluite ingestuur is was almal daarmee eens.

Die eerste verslag het terug gekom en dinge het nie so rooskleurig gelyk nie. Maar Pierre van Aswegen en sy groepie was vol moed en die moraal het nog steeds hoog geloop.

Die bestuursprosedure is soos volg. Elke skool wat deelneem is 'n maatskappy. Daar is 5 maatskappye in een groep. Elke maatskappy streef om die mark te wen in 'n sesde neutrale streek en om na die einde van 4 periodes die grootste wins te toon. Besluite word geneem en op 'n vorm aan 'n komper gevoer, wat dan 'n verslag terugstuur.

Ons sê sterkte aan Pierre en sy manne op die pad vorentoe.

# MARANATA-KLUB

Aan die einde van verlede jaar het 'n paar matrieks, onder leiding van mnr. van der Merwe, besluit om 'n aksie vir Christus in ons skool te loods.

Omdat hierdie besluit ongelukkig eers so laat in die jaar gemaak is, kon die matrieks van 1973 nie werklik die aksie aan die gang sit nie.

Daar is besluit om 'n klub vir Christus in die koshuis te stig. Aan die begin van hierdie jaar is daar 'n komitee gekies met Fanie Engelbrecht as voorsitter, Harry Brönn as sekretaris en Heyn van Rooyen as tesourier.

Vroeg reeds hierdie kwartaal is die klub in werking gestel. Aanvanklik was die groepie maar klein, maar deur entoesiasme en gebed het die groep omtrent verdriedubbel.

Gereelde georganiseerde Bybelstudie byeenkomste word gehou en liedere gesing tot eer van God. Gereelde bidure word ook gehou. Verder organiseer die klub ook andere byeenkomste op meer informele wyse.

Gedurende die kwartaal is 'n fliek georganiseer om geld in te samel vir die Christene in Rusland. Dit was 'n reuse sukses gewees en ons wil graag al die leerlinge bedank wat ons so hartlik ondersteun het. Verder wil ons ook graag ons dank aan mnr. Roesch betuig vir sy positiewe gesindheid. Ook wil ons mnr. Butler bedank dat hy die klub so goed steun in die koshuis.

Ons wil alle leerlinge hartlik uitnooi om deel te word van die klub en sy aktiwiteite.

# AN ODE TO ???

*A certain Mr. T.*
*who will cane one with glee.*
*A highly dangerous person is he,*
*as all the pupils will agree.*

*A "centrally located" school.*
*and will be attended only by a fool*
*A school with a record very notorious,*
*blamed for many a crime very atrocious.*

*A most feared rule,*
*as horrible as gruel.*
*A record is kept,*
*and many have wept.*

*Many a dour old speaker,*
*result in many a sleeper.*
*For a full hour long,*
*untill awakened by a gong.*

*Some teachers still stick to the cane,*
*and are fondly throught as fairly sane.*
*Those, however, who take to the book,*
*are given many a milicious look.*

*A fond farewell must now be said,*
*for off to the office the writer will be led,*
*Like a sheep being led to the slaughter,*
*the writer of this poem should expect no quarter.*

**Written by C.J. te Groen with further inspiration from J.H. Beyleveld and W. Petzer.**

# TRUKBESOEK

**Maandag, 18 Februarie, sal seker lank deur Affies musiekliefhebbers onthou word,w ant op hierdie dag het Truk-orkes 'n besoek aan ons skool gebring.**

Die dirigent, Neil Chapman, en sy span spelers het op uitstekende wyse hulle joernaal program behartig. Die doel van die besoek was om aan skoliere die instrumente en werking van die orkes te verduidelik. Elke instrument, van viool tot pouke, is afsonderlik aan ons voorgestel en ons het 'n kykie gekry in die klank en karakter van elke instrumet. Voorwaar insiggewend!


Daar was selfs tyd vir 'n grappie of twee en dit het tot gevolg gehad dat nuwe "musikante van wêreldstandaard" en 'n "dirigent van formaat" uit ons geledere "ontdek" is. Nogmaals geluk aan Lourens Jooste, Piet Nel, Leon Benade en Joep Joubert vir hulle bydraes. Hoewel slegs 'n klein deeltjie van die Truk-orkes by ons skool opgetree het, het die klein ensemble hulle tog skitterend van hulle taak gekwyt. Daarvan getuig die openingswerk, die alombekende "Stars and Stripes Forever". Die skitterende samespel het ons van 'n verfrissende weergawe van 'n ou bekende mars voorsien.

Tydens die bekendstelling van die instrumente het die strykers die minuet van Boccherini gespeel. Weer was ek verbaas om te sien hoe gebalanseerd die klank was t.s.v. die feit daar so min spelers was. Hier verdien Mnr. Chapman die grootste lof. Die basstrykinstrumente het mooi uitgestaan teen die viole se oormag(gie). Die pizzicato-gedeelte is veral suiwer gedoen. Net jammer dat daar nie so 'n duidelike verskil (veral in klankeffek) tussen die gedempte en ongedempte viole was nie. Oor die algemeen, 'n baie bevredigende stuk.

Die hoofwerk was die Semiramis-ouverture van Rossini. Dit is 'n dramatiese werk wat heelwat dramatiese vertolking vereis. Met die klein teaterorkessie tot sy beskikking, het Mnr. Chapman aan daardie vereiste voldoen. Ek was veral beïndruk deur die volheid van klank wat aan die dag gelê is. Die viole het, a.g.v. hul klein getal, hier en daar yl geklink en die ondersteuning deur die basstrykinstrumente was nie altyd bevredigend nie. Tog is die werk goed afgerond en het dit aan alle, en nog meer, verwagtings voldoen. Ook hierdie ouverture was 'n klinklare sukses.

Die slotwerk was die "Dans van die Sprinkaan" – 'n stuk wat hom leen tot velerlei komiese effekte, soos bv. die ratel, wat die sprinkaan voorstel. Dit was 'n geslaagde antidosis wat ons na die dramatiese ouverture, terloops ook die langste opera-ouverture wat bestaan, in 'n stemmige luim geplaas het, sodat ons werklik verfris kon terugkeer na die boeke toe.

**G. van den Heever – 10F.**

● Speelgoed
● Skryfbehoeftes
● Geskenke
●10% afslag vir alle groot geskenke
DONNAY

● Fietse op bestelling
● Springboklaan 73 Monumentpark
● Foon: 78-9359

● Reistasse (groot verskeidenheid)
● Reissakke
● Inkopiesakke
● Sake-tassies
● Akte-tassies
● Grimeertassies
● Oornag-tassies
● Dames-mode-handsakke

PRETORIA SE IN-DIE-KOL REISTASSPESIALISTE
LUGGAGEWORLD
KOEDOE DEURLOOP, PRETORIUS STRAAT 234, TEL. 3-3476
Leweransiers vir alle koopverenigings




### ONS HOOFMEISIE AAN DIE WOORD

1. Beskryf in 1-10 woorde presies hoe jy gevoel het toe jy die "nuus" gehoor het?

Ek glo nie ek het op daardie oomblik iets gevoel nie, dit was alles net eenvoudig te oorweldigend!!

2. Het jy enigiets besonders in gedagte vir jou regime-tydperk?

Ja, eerstens intern:

Die verhouding tussen die leerlinge onderling en die leerlinge en die onnies is oor die algemeen goed, maar ek dink dat dit beslis kan verbeter. Hoekom loop ons soms draaie om mekaar sodat ons nie hoef te groet nie en hoekom is ons soms kopsku om mekaar te help? Om klein dingetjies wat ons vreemdelinge vir mekaar maak uit die weg te ruim, is beslis iets waarvoor ek my gaan beywer.

Dan ekstern:

1973 was 'n besonder goeie jaar op die gebied van samewerking tussen ons en die "boeties" van oorkant die straat, en dit is beslis iets waarop daar voortgebou gaan word. Dan so 'n klein gedagtetjie. Onder Pretoria se ander skole staan Affies bekend as 'n "snobskool". Kan daar iets aa gedoen word?

3. Wat is jou boodskap aan die Affies?

Affies, kom ons maak 1974 'n fantastiese jaar. Laat ons elke uitdaging, op watter gebied ookal, met vreugde en entoesiasme aanpak en afhandel. Laat ons mekaar en ons onnies met liefde bejeen en die lewe vir mekaar ligter maak. Kom laat ons alle negatiewe idees en gedagtes vergeet en positief wees sodat ons aan die einde van die jaar sal kan sê: "Ek het haar sien wen!"

Sterkte vir julle almal,
**Cora Boot**

### BRANDSTOFBESPARING

Petrol was maar altyd daar. Niemand het ooit oor petrol gesels nie, maar deesdae hoor jy net van petrolbesparing. Die ooms in die oggendbus gesels land en sand oor die onderwerp en stil sit ek en luister en ek dink.

Ek het tot die besef gekom dat daar baie waarde in hierdie petrolkrisis is. Dink maar net hoeveel mense vandag waarskynlik hul lewe aan spoedbeperkings te danke het. Selfs kinders kan dit meer gerus op 'n fiets waag in die verkeer.

Let maar op na die uitdrukkings op die mense se gesigte, dit is baie meer ontspanne, party groet selfs en ander glimlag. Die dolle gejaag by mekaar verby is byna iets van die verlede. Nou merk jy tog die mooi dinge rondom jou ook op. Gedurende 'n motorrit geniet ons gesin nou die natuur en gesels baie interessant saam. Selfs met Pappas kan nou gesels word, sonder om 'n afjak te kry. Pappa bestuur nou rustig en sy humor is ook rustiger. Voorwaar, dit is 'n groot voordeel!

My deel tot besparing dra ek tog by al is dit gering. Ek spring gou op my fiets en ry winkel toe! Dit bespaar petrol want anders sou ons die motor gebruik het om soontoe te gaan.

Indien 'n motor by my verby jaag, probeer ek sy spoed bepaal. As ek dink hy ry te vinnig voel ek omgekrap, want hy gaan maak dat die petrol gou gaan opraak en ons dalk glad nie meer see toe sal kan ry nie. Dit sal vreeslik wees!

Ek voel baie jammer vir die petroljoggies wat afbetaal is. Ek hoop hulle het gou weer 'n ander werk gekry, en dat hulle kinders nie nou gebrek ly nie.

Maar nogtans dink ek dit is die beste wat met ons land gebeur het. Petrolbesparing! Ons kry meer voordele as nadele daaruit.

**Alta Nel 7F**

# TYD: 'N PAAR GEDAGTES


Baie mense gaan deur die lewe sonder om bevrediging te vind in die eenvoudige feit naamlik dat hulle lewe. Baie van ons beskou hierdie lewe as 'n soort oefening vir iets wat nog moet kom, 'n soort onwerklikheid met die toekoms as 'n werklikheid in ons drome.

"... . as ek eendag volwasse is."

" ....... as ek eendag my graad het."

" ....... as ek eendag getroud is."

As ons net wil leer om die minute in die hede op te pas dan sal die toekoms homself oppas.



Essensieël is dat ons die tyd tot ons beskikking, dit wil sê ons lewe self, moet **beplan.** Deur sonder beplanning van dag tot dag te leef bring mee dat ons nie die lewe in perspektief sien nie en bring mee dat ons tyd mors en sodoende ons kosbare lewe mors.

Hoe moet ek dan te werk gaan?

Ek moet positief aan hierdie saak **dink** en ek moet myself leer ken.

**Wat is my ideale in die toekoms,** want verbonde daaraan sal die gebruik van my tyd in die hede gekoppel wees. Wat ek wil word sal grootliks afhang van hoe ek my skooltyd deurbring, watter vakke ek neem en hoe ek in daardie vakke presteer. In 'n mate sal dit ook afhang van die stokperdjies wat ek beoefen.

**Hoe wil ek die volgende vyf jaar van my lewe deurbring?**

Ek moet my **eie** doelstellings kan formuleer. Wat wil ek self graag bereik – nie wat ander voorskryf of van my eis nie. Ek moet myself dus **ontdek.** Wie is ek? Wat wil ek? 'n Paar wenke:

Probeer jou in jou toekoms indink deur byvoorbeeld een perfekte dag in jou lewe oor vyf jaar te bedink of skryf jou eie lewensverhaal soos jy dit vorentoe vir jou voorstel, neer. Kyk of jy aaan jou verbeelding vrye teuels kan gee, want sonder verbeelding is daar ook geen motivering nie.

Omdat ons nie beplan nie, wil ons alles waarin ons belangstel gelyk doen. Ons doen dus te veel en ons doen alles half. Daarmee hang dan saam frustrasie en irritasie. Dan kla ons dat ons nie tyd het nie en dat die lewe te gejaagd is. As ons beter beplan en die meer belangrike van die minder belangrike dinge leer onderskei sal ons ook meer tyd hê. Daar is altyd genoeg tyd om dit wat belangrik is te doen en die volgende stap is: Doen dit **nou.**

Tyd is kosbaar want tyd is lewe.

**Mev. I. Boardman**


uniewinkels
KLEE U MET TROTS

# MOET 'N KIND GESKIEDENIS AS VERPLIGTE VAK NEEM?



Ek sê ja! Geskiedenis is die verhaal van die mens in sy liefde en in sy haat. Geskiedenis is die onthou van gister, die werklikheid van vandag en die verloop van môre. Nooit en nooit mag jy sê dat Geskiedenis 'n dooie vak is nie, 'n vervelige rits datums en feite wat in elk geval lankal vergete en onder die stof begrawe is. nie. Nee! Geskiedenis is lewend, groots, ewig. Geskiedenis is name en gebeurtenisse wat uitgebrand word met die vuur om die buitengewone, die unieke in die loop van die lewe.

As jy die nasietrots, die lojaliteit en die liefde vir jou land besit, behoort jy ook die geskiedenis van jou land en die geskiedenis van die wêreld wat in noue verbinding met jou land staan, te ken. As burger wat van plan is om op agtienjarige leeftyd te gaan stem, is jy verplig (deur 'n ongeskrewe wet) om op hoogte te wees met wêreldgebeure, moet jy die situasie waarin jou land verkeer, ken en bekend wees met die beleid van jou regering en die opponerende party.


Miskien klink die betoog vir julle belaglik, maar ek verseker julle dat daar baie hoërskoolleerlinge is wat hoegenaamd nie in geskiedenis belang stel nie, en geen benul het van die politieke toestande in hulle eie land nie. Hierdie kinders het ook geen begeerte om wel op hoogte van die beleid van hulle regering te kom nie en stem op agtienjarige ouderdom soos hulle ouers of hulle vriende (in sommige gevalle immigrante) stem.

Asseblief, probeer 'n bietjie meer belangstelling in julle geskiedenis toon, toe!

**Lianda Beyers 8E**

*Nuwe boek het pas verskyn:*

## *TUISVERDIENSTES VIR DIE VROU*




**Die derde deel van hierdie gewilde reeks is nou gereed. Prys: R4.50. Die inhoud is soos volg:**


1. **Maak self hoede wat 'n mens in geen winkel kan koop nie.**
2. **Macramé – dit word volledig met baie sketse beskryf.**
3. **Begin 'n reisagentskap en reis verniet.**
4. **Knoop en doop. Iets wat elke vrou kan bemeester.**
5. **Hoe begin 'n mens met 'n voëlboerdery?**
6. **Maak interessante artikels van gips en klei.**
7. **Maak trouruikers wat sommer iets besonders is.**
8. **Maak 'n moderne gemakstoel. Patroon word verskaf.**
9. **Brei pragtige handsakkies van krale.**
10. **Ontdek die moontlikhede wat gruiskuns kan bied.**
11. **Versier weggooi-bottels en maak daarvan iets besonders.**
12. **Trek hangers met skuimrubber oor.**
13. **Maak pragtige muurbehangsels van wol.**
14. **Maak artikels vir die basaar.**

Tuisverdienstes vir die Vrou, Deel III is uitgegee deur

## *UITGEWERY BEZUIDENHOUT*

**Posbus 17077, Groenkloof, Pretoria. Tel. 78-4099**

# MENEER AFFIE?




*Affies het besluit om 'n "Mnr. Affie" kompetisie te hou. Stroom-op redaksie kondig nou met genoeë die wenners aan (skets: A. Meiring).*

# FORUM '74

1974 – 'n Nuwe jaar met nuwe uitdagings, uitdagings wat ook aan Stroom-op gerig word. Die stryd om die voortbestaan van Stroom-op word elke jaar groter en feller, maar solank daar 'n behoefte by die leerlinge bestaan sal die blad uitgegee word. Die samewerking en ondersteuning van elke leerling is egter hiervoornoodsaaklik. Daarom – kom. Affie, doen jou deel en sorg dat jy deur 'n positiewe gesindheid en wesenlike bydraes sal sorg dat Stroom-op in die toekoms nog verder uitgebou word.

Die Haarreëls van die Affies is 'n nuwe era ingelui met die sny van hare gedurende pouses. Enige leerling wie se hare nie volgens die skoolreëls is nie, kan (vrywillig) sy hare laat sny by die skool se ervare twee haarkappers. Indien hy nie sy hare by die skool wil sny nie moet hy dit egter elders laat sny, alhoewel dit hom 'n ekstra vyftig sent uit die sak sal jaag.

Die positiewe gesindheid waarmee hierdie stap aanvaar is, dui daarop dat hier 'n nuwe dimensie ingelui is met die hantering van die haarreëls.

Dikwels word die klagte ontvang dat Stroom-op te duur is.

Dit is egter so dat verhoogde tariewe in drukkers-koste die prys só opgejaag het dat dit op die oomblik 26c kos om één Stroom-op te druk. Die redaksie het dit egter moontlik gemaak dat 'n leerling Stroom-op kan koop teen 16c. Dit is moontlik gemaak deur advertensies en deur die skool wat goedgunstelik Stroom-op gesubsidieer het. Ongelukkig kon daar nie meer advertensies geplaas word nie, omdat die balans dan versteur sal word.

Stroom-op is gebore uit 'n behoefte van die leerlinge. Indien die leerlinge dan nie bereid is om 'n opoffering te maak om Stroom-op te kry nie, sal dit nie die moeite werd wees om dié koerant in die toekoms uit te gee nie.

**DIE REDAKTEUR.**

# BRIEWE

## Positief

**Geagte Redakteur,**

Aangesien ek al 'n ou man in hierdie skool is, voel ek dat ek maar my mening kan lug omtrent 'n paar sakies. In die vyf jaar wat ek reeds aan die skool verbonde is het Afrikaans Hoër al baie goeie jare beleef.

Ek rig egter hierdie skrywe omdat ek glo dat Affies hierdie jaar die beste, grootste en suksesvolste jaar in sy geskiedenis kan beleef.

Ek noem eerstens die matrieks. So 'n groep begaafde, oorspronklike, humoristiese en positiewe matrieks het ons nog nie gehad nie.

Tweedens die naamplaatjies. Ek dink dit is 'n wonderlike sukses. Almal ken mekaar en 'n mens kan dadelik sien wie is wie.

Derdens die goeie gees. In my tyd by Affies was die bywoning en gees nog nooit so goed soos by Boys High en Helpmekaar-atletiek nie. Ek is seker dat die briljante orkes baie hiermee te doen het.

Die jaar is nog 'n baba en ek glo dat met die rugby en ander aktiwiteite gaan hierdie jaar nog die beste jaar word wat Affies beleef het.

**Realis**

## Spreek die Juniors aan!

**Geagte Redakteur,**

Daar is 'n paar sake in ons skool wat my hinder, betreffende die juniors. Veral die standerd sewes is hieraan skuldig.

Saak nommer een: Het julle al opgemerk wanneer die meeste sewes by die atletiekbyeenkomste aankom? Net tydens etensuur, sodat hulle na "roll call" weer kan gaan. Die paartjies wat wel langer bly, staan met hulle hande gevou om die veld, in plaas van om op die pawiljoen te sit en saamsing.

Nommer twee: Wanneer ons die skoollied sing, staan party van die juniors met hulle hande gevou en baie se monde gaan nie eers oop nie.

Van die geesvang-byeenkomste pouses sal ek nie eers praat nie. Dink julle nie dis tyd dat ons hierdie slap juniors van ons 'n bietjie regruk nie?

**Ignatius Mocke, 8F.**

## ONS IS AL GROOT

**Geagte Redakteur,**

Daar is iets ernstigs in ons skoolbiblioteek verkeerd. Die boeke wat aangekoop word is baie keer 'n belediging vir die mentaliteit van die hoërskoolleerling. Boekies wat aangekoop word is sovele male laerskoolgunstelinge en word selde uitgeneem. Daarby word die boeke met só 'n konserwatiewe smaak aangekoop. Sodra daar 'n vierletterwoord in verskyn dan is die boek nie geskik vir ons oë nie. Sodoende word ons van die beste moderne boeke beroof. Behalwe hierdie avontuurverhale soek ek tevergeefs na werke van die jongste Afrikaanse skrywers. Dié wat wel in die biblioteek is, kan op die vingers van een hand afgetel word. Wat my egter die meeste grief is die sensorskap (beslis ongevraagd) wat oor die tydskrifte uitgeoefen word! Wanneer ons na bl. 32 van 'n sekere tydskrif blaai, vind ons dat genoemde bladsy asook die daaropvolgende paar misterieus verdwyn het.

Ek is werklikwaar van mening dat ons reeds volwasse genoeg is om ons eie diskressie te gebruik wat ons leesstof betref. Ek vertrou dat hierdie "verkrampte" gees sal oorwaai, sodat ons vanaf volgende jaar die boeke van outeurs soos Heinz Konsalik sal kan geniet.

**Anti-sensorskap**

## *Aandag, Mnr. Olivier:*

Lawleystraat 19
Waterkloof
PRETORIA
19 Maart 1974

**Geagte mnr. Olivier**

Geliewe vir Louis te verskoon van L.O. oefening aangesien hy in 'n motorfiets-ongeluk betrokke was.


Gelukkig het hy 'n "crash helmet" maar ongelukkig het hy dit nie op gehad nie. Gelukkig het hy betyds remme getrek maar ongelukkig het dit nie gewerk nie. Gelukkig het hy die paal misgery maar ongelukkig het hy toe in 'n hond vasgery.

Ek hoop u sal hom verskoon!

**(Mev.) Martin**

**Die redaksie versoek die L.O. departement o.l.v. mnr. Olivier om asseblief nie die L.O. verskoningsbriefies in Stroom-op se posbus te gooi nie; dankie – RED.**

# FIETS-LOODS WORD GE-NOAG!



*Stroom-op redaksie het ondersoek ingestel na die modder na reën in die fietsloods, en gevind dat die toestand sorgwekkend is. (Foto: S. Bekker).*

**Die Redakteur,**

Met hierdie briefie wil ek net graag my misnoeë, oor 'n paar dingetjies wat my pla, uitdruk.

Die eerste ding wat my pla is die handeklap tydens saalperiodes. Wat het geword van ons kenmerkende handeklap? Die jong manne klap blykbaar nou hulle eie ritme. Hulle moet nou regtig by die skool inskakel. Ek verwys in die besonder na St. 7. Ek dink hulle moet in die saal in geneem word en van vooraf geleer word.


'n Tweede ding wat my pla is ons fietsloods. Ek weet nie of u al opgelet het hoe lyk dit daar na 'n reënbuitjie uitgesak het nie. 'n Mens dryf letterlik af met die stroom as jy nie in die modder vassit nie. Daar is al probeer om gruis te gooi maar dit was 'n algehele mislukking. Wil die skool nie 'n bietjie van sement of teer gebruik maak nie?

'n Derde skaafplekkie is die kraan agter die hoofpawiljoen. Vir jare word al vertoë gerig dat daar asb. tog 'n geut, sementblad of aflaatsloot opgerig kan word nie. Elke keer as daar water gedrink word trap jy in die modderplasse en word besmeer.

Ek doen 'n ernstige beroep op u om tog iets te doen.

**Skaafplekke**

# "ONS IS KINDERS VAN DIE VRYE . . ."



Bo my skool is 'n blou lug.
Waarin daar wolke is.
En son.
En wind.
My skool is gemaak van:
koel klip
(waarin voete val)
en ruite
(waardeur oë dwaal)
'n houtdeur
hekke soos monde
en 'n saal
'n populierlaan
wat somergroen ritsel
geelherfsval
winterraamwerkratel
en lentewonder is
altyd vol voeltjies.
Kinderbessieboom
Bergsalie
en gras
pers toebroodjie duiwe
en naby die moerbeiboom vol soene
in die somer
warrel Bach en Beethoven
in die wind
en daar is
'n tuin vol blomme.
daar loop ook tasse rond.
"Ons is kinders van die vrye."

**Ceclia Barnard**

**MY PREDECESSOR**

We walk on the pavement.
You touch my hand
and I know –
You hear her voice
in the wind,
You see her face
in the clouds,
You touch her with
the tenderness of my hand.
Only Sometimes
And
I forgive your.

**Luie Bruwer**
**Standerd 9B**

**YOU'RE GONE**

How dare you take the sunlight
from my day,
How dare you remove the
floor from my jerry-built high-spirits,
How dare you say good-bye!

**Luie Bruwer**
**Standerd 9B**

**THE MESSENGER**

The night moved my curtains
and brought me the warmth of
your voice.
but;
The night told me what I
long already knew.
The wind stirred my curtains
and blew our memories
down the stairs
and into the dustbin.

**Luie Bruwer**
**Standerd 9B**

**MY LIEFE IS . . .**

The crystal-clear of bygone days
engraved in my soul
forever to stay . . .

The unchangeable presence
which carries me on
to the vagueness of
tomorrow.

**Leigh**

**Nánag**

Verbleek die sterre
in been wit glans
die maan 'n floue skadu
van getaande glorie
die bome eensaam
in die skemer gehurk

Fladderend styg 'n voël
uit die mistieke uur
sy skor geroep
dra ver oor die vlaktes heen.

**Lianda Beyers**
**Standerd 8E**

**DIE STIL VREUGDE**

Rooi bal vuur
vér graniet;
Silwer watervlak
tarentaal gekwetter;
Skemerlug:
Swart skimme
wat bome is,
En die hartseerlied
van die tortelduif.

Ek staan in die veld
die haak en steek is in bloei
'n Voël draai in vlug
'n jakkals skree . . .
Ek voel die stille vreugde
opstyg in my hart.

**Lianda Beyers**
**Standerd 8E**

**SEE . . .**

Die soutlug is vars en ruik
na seewier en vis
Ek lag en verwonder my
oor die skoonheid
van die meeu se vlug

**Lianda Beyers**
**Standerd 8E**

**VERLANGE**

Die son het sy kop agter die
berge laat wegsak,
Die verlange na liefde, na liefde
van ouers,
Druk swaar op my gemoed.
Na die warmte van 'n huisgesin,
Wat in vreugde verkeer,
Saam met God!

Maar alles het 'n doel,
In hierdie ondeurgrondelike lewe,
En alles moet 'n mens aanvaar,
Die lot het my getref,
Weggeslinger van ouerliefde,
In 'n ander lewe in
'n Lewe sonder ouers,
'n Nagrus sonder hul liefde.

**Koshuis**
**Gerda Weideman**
**St. 8 D**

**TERRORISTS**

I am a South African. I love my country. I love my people. I won't exchange my country and people for any other country. You killed [redacted] some of my people. Youngmen. You stopped their heartbeat. You stopped the blood running through their veins. Why? Look at [redacted] the young faces. Look at the life on their faces. What was their end? A grave. A cold, lonely grave. Their wives are alone. [redacted] Their children won't know a father. Just because you killed them. We are people in a peaceful country. The world calls you [redacted] the fighters of liberty. We call you the terrorists, children of the devil. They were killed begging before you. You made them beg [redacted] before you. You made them crawl before you. Then they were killed by a dozen bullets tearing their bodies. Why? Why? Why? Tell [redacted] me of your cruelty, tell me how you break a body, tell me about the devil. God isn't known by you. You shall learn to know Him. You [redacted] shall see the mercy of God. But you will learn to know His protection, His love for the South Africans. We shall fight as a [redacted] nation. You will be conquered. You will feel the hurt of death. You will feel living without God.

**Stersia Reinhardt 9B**

**HARVEST**

you gave to me
the harvest
of your body –
unasked for
much thought of;
yet never prayed for.

the white corn-fields
of your hair
the rustin smell of your
face
your hands like the
strong brown earth
lean and supple
holding my love.

your body
like the earth I love
your eyes with the greenness
of the trees above
this and so much more
you gave to me –
just to love

**Willemien de Jager 10**

**DOOD VAN DIE SOLDAAT**

Floed van son
Warm wit sand
Pantsermonsters
Grofgeskut
Huil van vliegtuie
'n inferno van vlamme
Waar die bomme val

Rooi bloed sypel uit sy kop
Hy is stil . . .
Maar hy oorwin in sy bloed
want hy sterf
vir 'n strewe en 'n ideaal

**Lianda Beyers**
**Standerd 8E**

**FLYBIRD**

Fly bird –
support my
ideals
and bring
them back
They have a lack
of purpose
and of faith.
Flybird – .
take them by
the hand,
Return them within
my insane soul,
where they can remain
a captive thought
too weak to survive
the realistic blows
of those below
my insanity.

**Deline de Klerk 10F**

**USELESS**

It's so much easier
just to let go
just to don't care
than to search for all the lost
somethins
in you faded life.

and not to find them.

like I search desperately
for inspiration in the rotten
ditches of my past
trying to recapture the magic
(which anyway only existed in my
dreamclouded brain)
like I hold pathetically to all the
nearly-broken threads of a silver
yesterday,
trying to put tomorrow
and yes – even today –
in a golden cage.

**Willemien de Jager 10**

# SIMBA



**SIMBA**
is al baie oud
sy pote is moeg
sy tande geslyt
sy stert geknak
sy bene lendelam
sy vel dof
maar
sy oë blink
vir sy nooi

**SIMBA**
is al baie oud
hy't al ver paaie geloop
Op sy oë se dowwe spieëls
is die blou rokkies
van jare lank verby
op sy oë se dowwe spieëls
is die vriendelike
gesigte van geslagte
van affies
maar
daar is maar een beeld
wat sy oë laat blink
sy nooi.

**ANNATJIE**


## MILLENIUM

Dié gesondheidswinkel vir vars plaashoenders en eiers, ongespuite groente, muesli-bestanddele, kruie, vitamines, verslankingsvoedsel ens.
Langs "Elsa's Koeksisters", in 13e Straat MENLOPARK.
Tel. 78-8282

*Skakel ons asseblief indien U eiendom wil koop of verkoop.*
**H/v Rodericks en the Hillside**
**Lynnwood.**
**Telefoon: 47-4480 – na ure 70-7747**

## LYNNWOOD EIENDOMME

*Agente vir Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging.*

# 'N TIPIESE SKAAK-WEDSTRYD

Net soos enige sport is die opwarming van wesenlike belang. Om die verstand helder te kry word algabraïse sommetjies gedoen.

Die spelers tree aan en die muntstuk word opgegooi. Die fluitjie word geblaas en die manne draf op. Die spel is aan die gang en die skare word mal. Die spanning laai op. Bakkes skuif te vinnig en verrek 'n breinspier. Op 'n draagbaar word hy kreunend afgedra. Sy kop word gou met "Deep Heat" ingesmeer en met 'n "knee-guard" om die kop draf hy weer op terwyl die skare hom toejuig.

Halftyd breek aan en lemoenskyfies word uitgedeel. 'n Spanpraatjie vind plaas en die kaptein raai die spelers aan om hul hande taai te maak met lemoensap om hantering te verbeter.

Met die 2de helfte speel hulle teen die wind en dinge word moeilik. Gelukkig word een van die opponente (re)moerig en gooi sy teenstanders met 'n koningin. 'n Strafspel word toegeken.

Stadig begin die skaal in hulle guns te swaai. Met opponent uitgeskakel (die spel was te vinnig en hy het omgekap van vermoeienis), het dinge nou vinnig gebeur. Onder toejuiging van die skare word een spel na die ander in hulle guns beklink. Teen die einde storm hulle ondersteuners op die veld en die kreet word gegee.

# DIE ONGELEENTHEID VAN DIE JAAR

**Datum:** 8 Februarie 1974.
**Tyd:** 7.15 nm.
**Toneel van Aksie:** Gert J. Potgietersaal.
**Kandidate:** Ludwig van Beethoven, David Bowie, Muhammed Ali, Santa Claus, Leonid Brezhnev, Idi Amin, Liz Taylor en, les bes, mnr. H.I. Jack.
**Vlieënier:** Kapt. Pierre van Aswegen
**Vlugingenieur:** Gerhard van den Heever.

**AKSIE:**
**Toneel I;**
**Tyd:** 5- 6.30 nm.

Sedert 1.40 nm. nog steeds 'n gewoel en gewerskaf. Erger as miere. Ons moet nog 'n volle kleedrepetiese hou. Terloops, wat hét van die voorneme geword?

Sedert 1.40 nm. nog steeds 'n gewoel en gewerskaf. Erger as miere. Ons moet nog 'n volle kleedrepetiesie hou. Terloops, wat hét van die voorneme geword?

Ons tegnici installeer die apparaat – die twee bandmasjiene, platespeler, luidsprekers en what have you. Dis omtrent 'n spinnerak van bedrading. Die ligte word reggestel. Die "spots" moet nog ingestel word. Liz se pruik moet nog gekry word. David Bowie moet geverf word. Intussen moet Pierre die kantoor oopsluit om die sleutel vir die saal se "amp." te kry. O, gaats! Die verkeerde sleutel sit in die deur vas! en onse vlieënier kry selfmoordgedagtes. "Waar is die beste plek om myself op te hang? (Aan jou das?) Hy hét dit oorleef.

**Toneel II:**
**Tyd:** 6.30-7.25 nm.

Ek daag op en ek vind my wildste verwagtinge nie aan voldoen nie. In die saal (op die verhoog liewer), gaan niks aan nie – net 'n geskarrel, doelloos heen en weer. Kry rigting! Die kleurfilter van die een lig het uitgeval. Kry die leer! Het julle al deur die program ge-oefen? Nee, hier gaan nog niks aan nie. Stadig maar seker begin my bloeddruk styg – (van angstigheid). Brezhnev het sy Rooi toespraak by die huis vergeet, toe steel hy Ide Amin s'n om homself 'n gelyke kans te gee. A.g.v. die onopdaaglikheid van die sleutelhouer kon die kleedkamers nie oopgesluit word nie. Wie weet hoe het die gang gelyk nadat David Bowie klaar geverf was? David Bowie, jy's laat, ons wil al begin! O hemel, iemand het die "tape" laat afloop! Soek die plek, gou! Het Liz se pruik al gekom? Waar is die grimeerstel? Dirk, is die ligte reg? Waar is die verhoogbestuurder? Skep orde! Sal ek kan skryf in die gekleurde lig? Hoe moet ek notules hou? "Jy hou nie". (Terloops, ek is nou nog besig om dit te voltooi!) Intussen kom alles op wonderbaarlike wyse reg. Ons kan begin! Daar gaan die ouverture. (Wie het geweet dit was Barbier van Sevilla?) . . . (ens. ens. ens.) en op hierdie tragiese(?) noot begin die plaaslik-aangebode, Engelse, success de scandale, maklik die ondebatste debat van die jaar. (Hoor jy daar, Pierre? – ons loop met die louere weg!)

Waaroor die sprekers gepraat het, gaan ek nie verder uitwei nie. Dit is genoeg om te sê dat die Affies hulleself te buite gegaan het op die verhoog. Dat dit 'n genotvolle aand was, is nie te betwyfel nie, of so het Dirk my daarvan verseker. Hoe lyk dit, Sias, was dit darem die moeite werd vir julle koshuismanne om dit by te woon?

Nogmaals baie dankie aan Deon Venter, sy vader, en Jasper Kroep, en Alfonso van der Merwe (het ek iemand uitgelaat?) vir die hantering van die elektriese apparaat. Dankie aan ons mal musikant, Phillip Uys, vir 'n sprankelende uitvoering, Gerhard Korsten vir sy vioolsolo – werklik puik, P. van Niekerk vir sy blokfluitduo.

Ons dank aan Dirk Linnenkamp vir die hanteer van die ligte. Dank aan die sprekers, veral Louis Serfontein wat die luidsprekers aan ons geleen het. En laaste, maar definitief die meeste, dank aan mnr. Jelley vir sy hulp, raad en bystand, ons waardeer dit.

En dit was die eerste Engelse ondebat van die jaar. (Net om jou, mnr. Kritiekus – wat-my-so-baie-lastig-geval-het, te plesier, sal ek sê die eerste Engelse konsert van die jaar het ten einde geloop!) Tevrede? Ek is.

**G. van den Heever, 10F**

# AFFIE-HISTORIA

Vanuit die skool het dan die behoefte ontstaan om 'n argief of museum in die lewe te roep wat die groot verlede van die skool dan sal bewaar vir die geslagte wat nog moet kom.

Die hele gedagte van die argief is die breinkind van mnr. Ferreira. Hy beplan dan, om sodra daar genoeg stof is, 'n afsonderlike kamer in te rig as museum. Op die oomblik egter, hang al die portrette nog in sy eie klaskamer.

Alle ouers, leerlinge en oud-leerlinge van hierdie skool word dan ook vriendelik gevra om enige ou skoolfoto, geskiedkundige baadjies of rugbytruie, wapens of geskrifte, aan mnr. Ferreira beskikbaar te stel.

Daar is reeds verskeie stukke wat van groot historiese waarde is en hierdie projek beloof om 'n wonderlike bate van die Afrikaanse Hoër Seunskool te word.

TELEFOON: 2-0884
Tel. Ad.: GUNFIRE
POSBUS 102
310 KERKSTR.-OOS

GROENEVELD EN HICKS
(EDMS.) BPK.

HANDELAARS IN WAPENS, AMMUNISIE EN VISGEREEDSKAP

IS VISVANG EN SKIET U LEWE?
KOM DAN NA GROENEVELD & HICKS (EDMS.) BPK. VIR DESKUNDIGE FLINKE EN VRIENDELIKE DIENS TEN ALLE TYE.

ONS SPESIALISEER IN:
- NUUTSTE GEWERE EN AMMUNISIE
- VISGEREI VIR DIE KIESKEURIGE HENGELAAR
- EN REPARASIES WAT DEUR DESKUNDIGES WAARGENEEM WORD.

AS U 'N BUITELUG MAN IS HOU ONS DAN IN GEDAGTE

# Onnies en hul Gunstelinge

**Raai vir wie sien ek by die volgende Flieks?**

*What's up doc* – Dr. Minnaar.
*Bless the beasts and the children* – Mnr. Grobbelaar.
*A man called horse* – Mnr. Marais.
*Never mind the quality, feel the width* – Mnr. v.d. Westhuizen.
*There's a girl in my soup* – Mnr. Bosua.
*England made me* – Mnr. Jelley.
*Sound of Music* – Juf. de Vos.
*Angels with dirty faces* – Juf. Engelbrecht.
*Captain Caprivi* – Mnr. van Staden.
*Oh! what a lovely war* – Mnr. Uys
*Beautiful people* – Personeel?
*They only kill their masters* – die leerlinge.
*Planet of the Apes* – Mnr. du Preez.
*Live and let die* – Mnr. Viljoen.
*Dr. No* – Mnr. Roesch.
*Love Story* – Juf. Bester.
*Last of the Red-hot lovers* – Mnr Minnaar.
*Pink Panther* – Mnr. van Rooyen.
*Ben Hur* – Mnr. Claassen.
*The Birds and the bees* – Mnr. v.d. Merwe
*The dirty dozen* – Mnr. Butler, mnr. Knipe, mnr. Langley, mnr. Olivier, mnr. Ferreira, mnr. Forest, mnr. Gouws, mnr. Bezuidenhout, Mnr. v. Vuuren, mnr. D. de Vos mnr. F. de Vos en mnr. Calitz.

# DIE GROENES WAS GROEN!

'n Groentjiekonsert was dit voorwaar. Daar is deeglik in geslaag om die standerd sesse te ontgroen en ek dink nie een het baie gemaklik gevoel nie. Wat veral treffend was, was die ritmiese handegeklap wat die seremoniemeester telkens daarvan weerhou het om sy sê te sê.

Talent was daar ook aanwesig soos bv. Pieter van Niekerk met sy blokfluit, M. Voges se sangsolo, F. van Niekerk se gimnastiek, en dan ook Badenhorst se mondfluitjiesolo. Soveel "skoonheid" het ons ook nie onder die klompie verwag nie. En die krag reuse! Met kookolie, speedo en al.

Maar daar eindig dit ook. Die redaksie betreur die steurings en geluide gedurende party items. In die begin was dit nog oulik, maar later het dit darem regtig afgesaag geword. Die versoek dat die matrieks se voorbeeld gevolg moet word is ook heeltemal deur St. 7 en 8 in die wind geslaan. Dit word betreur. Buiten vir talent hier en daar het die konsert ook maar nie baie lyf gehad nie. Die hoofrede hiervoor is seker die feit dat die prefekte, wat regtig hulle bes probeer het, te min tyd gehad het om dinge reg te kry. Ons wil aanbeveel dat volgende jaar meer tyd daarvoor afgestaan word en dat meer onderwysers behulpsaam met die sif van die items sal wees. Dan kan die konsert gerus in die aand gehou word. Die meisies kan oorgenooi word op voorwaarde dat die gehoor hulle sal gedra.

Buiten dit alles was die konsert aangename vermaak en baie lagwekkend. Ons wens die sesse geluk dat hulle die eerste toets so goed deurstaan het en hoop dat hulle die res van die jaar hulle gewig ook so sal ingooi.

Ons sê ook dankie aan L.M. en die prefekte en ook mev. A. de Vos vir haar hulp.

# AFFIES TOP TWENTY

1. *Walk like a man* – Mnr. Vermeulen.
2. *Goat Heads Soup* – Mnr. Bosua.
3. *Jeremia was a bull-frog* – Mnr. Roesch.
4. *Get Back* – Mnr. Terblanché.
5. *Ballroom Blitz* – Juf. Holtzhauzen.
6. *Smoke on the water* – Mnr. van Wyk.
7. *Locomotive breath* – dr. Minnaar.
8. *I'm on fire* – Mev. Bester.
9. *One and one is one* – Mnr. Marais.
10. *Octopus's garden* – Mnr. Kukard.
11. *Killing me softly* – Mnr. van Staden.
12. *Which way you're going Billy?* – Mnr. Forest.
13. *I can't keep it in* – Mnr. v.d. Westhuizen
14. *Long haired lover from Liverpool* – Mnr. Jelley.
15. *Born to be wild* – Mnr. Rabie.
16. *Daydreamer* – Mnr. Bosman.
17. *Weeping widow* – Mnr. Viljoen.
18. *Photograph* – Mnr. Forrest.
19. *First cut is the deepest* – Mnr. Butler.
20. *The wonder of your love* – Mnr. Classen.

**Dubbel-Es – St. 10**

Ken u al die voordele van 'n Volkskas-spaarrekening?

'n Volkskas-spaarrekening is u eerste stap na finansiële onafhanklikheid. Sit elke maand 'n bedrag opsy — en u sal verbaas wees hoe gou dit aangroei. Boonop verdien u spaargeld die heeltyd rente.

Met u spaarboekie in u hand kan u dwarsdeur die land — by meer as 500 kantore — instap en sonder vooraf kennisgewing tot R100 trek. U is verlos van handevol kontantgeld wat kan voete kry. Wat 'n groot gerief as u op reis of met vakansie is!

Dis maar een van ons bankdienste. Daar's nog bykans 40 ander.

VOLKSKAS
BEPERK
(Geregistreerde Handelsbank)

**Die Bank vir alomvattende bankdienste.**
Meer as 500 takke dwarsdeur die land.
Verteenwoordig in 300 wêreldstede.

# INTERHUISSPORT IS GROOT SPORTS!

## *(So sê Huis Verster)*



In die straat van Bond
loop daar 5 stelle Affies rond

Mens kan hule nie uitmekaar
op grond van postuur of lengte van haar

Maar net op grond van hul kleur
en die moet elkeen vinnig aanleer

Die wat geklee is in aandoenlik rooi
kan by die VERSTERRE KOM LEER OM 'N WERPSKYF TE GOOI

Die geles moet ek natuurlik ook noem.
hul kan by die STERRIES leer hoe om die ding te doen
Die oranje ouens kan nogal nael

maar dis die VERSTERRE WAT DIE SWEMBEKER GAAN HAAL

Om my redenasie dan mee af te sluit daar's net **EEN** WENSPAN

Dis die blou VERSTERRE uit en uit!!!

**'n Sterretjie 9C**

# MATRIEKMUISNESTE

Hoor tog Affiena, jy moet vir my help
Met hierdie probleem wat my pla.
Daar's vele vrae wat die Affies vermeld
maar slegs een versoek wat ek aan jou vra:

Die jaar vlieg verby, die toetse daarby,
en nader snel my gevaar . . .
en dit is die een probleem wat my onderkry:
en dis: WIE? om vir die Matriek-afskeid te vra.

**A.S.**


## GELUK, SONJA!

Ons wat Affies is, is nie biétjie trots op ons spiksplinternuwe Springbokkie nie!

Duisende geluk, Sonja. Ons weet dat só 'n prestasie nóóit bereik kan word sonder baie harde oefening nie!


**A. Strydom 10B**

*TWEEDE VAN REGS DUIK SONJA IN VIR 'N OORWINNING*



# GAAN ONS KINDERS WEN OF VERLOOR?

## (So gis die onnies tydens Interhoër)



A . C . S . V .



KRINGLEIERSKAMP

Ons is seker dat ons aan die einde van die jaar nog steeds sal kan sê dat 1974 se kringleierskamp die deurslag gegee het vir al ons werk van die jaar.

Verkluim en natgereën het ons spul Affies op 'n modderige "Hoekie" aangegly gekom en saam met 400 ander begin nesskrop. Dié kamp sal in die annale aangeteken staan as die Modderkamp, sowaar!

Van die eerste oomblik af was dit ons erns om soveel moontlik te leer en te ontvang en die kontak met sulke mooi mense vanoor ons hele provinsie was kosbaar. Ons het dan ook met jubelende harte gesing. Elke oomblik was belangrik en ryk. Ons kon Sy teenwoordigheid aanvoel.

Die reën het ook andersins gekom en op omgeploegde aarde geval en die klein saadjies het wortel geskiet . . .

Ons het toegerus en toegewyd teruggekom Affieland toe!

**Die Kringleiers**

**LANK LEEF 10B!**

Standerd 10B het 1974 op 'n hoë noot ingelyf deur die grootste persentasie prefekte in een klas te hê. Maar dis nie al nie. 10B spog ook met die hoofprefek en 'n onderhoofprefek in die klas. Drie van die vier derigente kom uit 10B.

Drie van die skool se beste swemsters is in 10B en boon-op is een 'n Springbok. 10B word op die tennisbaan verteenwoordig deur twee van die skool se beste tennisspeelsters. 10B spog nie net met talent nie. 10B het gees. By al die sportbyeenkomste was 10B 100% teenwoordig en het dus grootliks die gees van die byeenkoms beïnvloed. 10B is baie sosiaal en glo aan ontspanning. Al hierdie afleiding sal egter nie hulle adademiese prestasie benadeel nie, want nadat hulle hulle rapporte die einde van hierdie kwartaal ontvang het, sal hulle so groot skrik dat hulle die res van die jaar hulle by die akademiese sy van die lewe sal bepaal.

**Antionette Bezuidenhout**

# Krisis in die KooKKunsKlas

Dis Dinsdagoggend vroeg: Gou word die wit voorskoot opgeraap en tesame met ma se vatlappe en beste vadoeke, druk ek dit vinnig eenkant by my tas in. Die bande van die voorskoot steek weerskante uit. In my haas druk ek dit plat en knip die tas toe.

In die bus hoor ek iemand giggel en loer af na my tas. Ewe parmatig steek die dik duim van die vatlap bo by my tas uit, kompleet soos iemand wat duimgooi. Verleë druk ek alles terug. Tevrede skuif ek terug in my sitplek maar stamp toe ongelukkig die plastiese sak om waarin die glase, vurkies, rooi glanskersies, klapper en koeldrank is. Gelukkig red ek ma se glase net-net van 'n flenterdood, maar o wee! daar rol die kersies die paadjie af.

Vinnig vlieg ek op, en met 'n gesig rooier as die kersies raap ek hulle op. Een rol ewe kordaat met die trap af na buite.

Daar was net genoeg vir die koek. Ek moes maar red wat te redde was. Die Huishoudkunde-periode kom veels te gou. Alles loop skeef. Juffrou lyk nie al te vriendelik nie, en my maats brom oor die vuil kersies. Ek probeer hulle afvee, maar dis of hulle dowwer word.

Met voorskoot aan en diepe konsentrasie begin ons vier stuks meng, klop en afmeet. Ons lyk soos wafferse ervare huisvrouens. Einde ten laaste word die koekmengsel versigtig in die oond geplaas. Ons begin al ons punte te raai (dit kan heel moontlik volpunte wees) en lippe af te lek vir die koek, toe ek tot my ontsteltenis en my maats se verbystering merk dat ons die bakpoeier vergeet het. Soos blits ruk Kobie die pan uit die oond. Vinnig word dit uitgekrap en bakpoeier bygemeng. Ekself was die pan gou uit. Terug in die oond. Met spanning wag ons die tyd af.

Plat is 'n mooi woord daarvoor. Dit was nog niks! Die sjokoladekoek lyk asof dit masels onderlede gehad het. Pure wit spikkels.

"Toe maar, ons smeer dit met die kersies en versiersel toe", troos ek.

Juffrou kom beoordeel of liewers veroordeel ons werk. Sy sny die pragstuk deur. Met wit spikkels, regdeur die koek en rooi kersies met swart spikkels, lyk dit alles behalwe na 'n sjokolade koek.

Ons haal toe darem as troosprys 5 uit 10. Was juffrou net vir ons jammer, of het sy nog nooit so 'n vreemde verskynsel aanskou nie? Lank lewe die Huishoudkunde prakties met al ons wedervaringe!

**Alta Nel 7E**



*Kom besoek* **CHECKERS** *by Glenfairwinkelsentrum in Lynnwoodweg vir die laagste pryse.*

**Ondersteun CHECKERS!**

# AFFIES SE ROMEO'S

**Dit het nou hoog tyd geword dat die meisies van ons geliefde buurskool besef dat hulle nie kan wen nie.**

**Waar het hulle dan ook gehoor van 'n Affie Romeo wat deur een meisie vasgevat kan word. 'n Ware Romeo laat hom eenvoudig nie vasvat nie.**

Neem 'n welbekende voorbeeld wat in hoë kringe beskou word as een van Affies se top Romeo's nl. Deetlefs. In ware Affie tradisie het hy hierdie jaar (volgens betroubare inligtingsbronne) nog geen meisie meer as twee emaal agtermekaar uitgeneem nie. 'n Mens kan maar net die hoop uitspreek dat die klein kêreltjie sal kophou en nie verlore sal gaan vir hierdie baie belangrike afdeling van Affies se sosiale lewe nie. En hy is nie die enigste nie. Ander groot name op hierdie gebied is Div. Taljaard, Piv, Deacon, P. van Wyk, en nog menigte ander.

Die Redaksie wil sy verskoning aanbied dat almal wat vermelding verdien nie hier genoem is nie. Dit sou onmoontlik wees aangesien stroom-op hierdie jaar slegs 8 bladsye beslaan en dan moet ander minder belangrike aspekte van die skoollewe soos sport ook nog behandel word. Die kêrels kan egter daarvan verseker wees dat hulle optrede en pogings nie ongesiens verby gaan nie.

Kompetisie op die gebied is straf en die standaard, soos met alle ander Affie dinge, is baie hoog. Ons Romeo's moet hard werk om hulle tradisie en naam hoog te hou, en dan moet hulle nog slaag daarby.

Die Redaksie wil van hierdie geleentheid gebruik maak om hierdie belangrike afdeling van ons sosiale klub baie geluk te wens met die puik resultate en hulle ook alle sukses toe te wens met die nuwe jaar. – Simpatie kêrels! **Fanie Pienaar**

# Sias se Boodskap

Met die aanbreek van die jaar 1974, wat steeds baie belofte inhou, het die koshuis weer dadelik die voortou geneem en die voorbeeld gestel op alle gebiede.

Eerstens het die koshuis die byna-onmoontlike reggekry deur Interhuis oortuigend te wen met fantastiese spangees en 'n onwrikbare wil. Wat hierdie prestasie so uitmuntend maak, is die feit dat die aantal kosgangers 150 bedra teenoor die sowat 275 van al die ander interhuisspanne. By dié geleentheid is die nuwe wapen ('n Arend) ook in gebruik geneem.

Die res van die skool het die voorbeeld besonder goed gevolg, wat gelei het tot die hoogtepunte wat die skoolgees bereik het, o.a. teen Helpmekaar en Boys High. Ook het die koshuis die onderskeiding behaal deur 4 uit die 6 dirigente op te lewer.

Die noue en intieme samewerking tussen koshuis en skool beloof egter 'n uiters suksesvolle jaar, en ek vertrou dat dit die geval sal wees en dat ons ons leuse sal laat geld: "Laat daar lig wees." **Sias Voss**

# *Rose en Dorings*




**DIE KELDER**
(EDMS.) BPK.

Amptelike verskaffers van Afrikaanse Hoër Seunskool se voorgeskrewe skooldrag.

20% KORTING VIR KONTANT

*Affies verkies altyd hul oudste kleurverskaffers.*

***

FOON 2-7070



*Kaalvoet?*

*Skoene deurgeloop om brandstof te bespaar?*

**BETTIE'S SKOEN SALON**

13 MOPANIE SENTRUM
MONUMENTPARK

*Sal gou u probleem oplos.*

JACK & JILL, ELLIOTT, BARKER
**LEWERANSIER: Koopkrag en Pretoria Trust.**



**DRAKES**
KERKSTRAAT OOS 326
en
**PAKWELLS**
STADSENTRUM
PRETORIUSSTR. 274

HET ENIGE SKOOLTAS WAT U BENODIG!

TEEN BAIE BILLIKE PRYSE



VOORBEELD

**PRIMÊRE SKAI LEERTAS**


**Leer punte, gespes met middle sluit, vier kompartemente met metaal hoeke. Ideaal fir primêre standerds.**

TEEN **R4,95**


Leweransiers aan alle koopverenigings.


# MOERASSIE

*Stroom-op redaksie het besluit om sy eie strokiesprente te publiseer. Enige verwysing na karakters in die werklikheid, is bloot toevallig, en die redaksie vra om verskoning daarvoor.*





# HORSBIRD






# VERJAARSDAG IN DIE KOSHUIS



Ek skrik wakker, dit is pas sesuur.
Lui vee ek die slaap uit my oë – dan onthou ek –
dis mos my verjaarsdag vandag!
Die deur kraak – vinnig maak ek weer my oë toe
sagte voetstappies – dan sing iemand "Happy Birthday to you". Weer maak ek my oë stadig oop – dis Candy, 'n standerd sessie.
Vinnig draf sy weg en gaan roep haar kamermaats
nou is dit net geskenke, gelukwensings en kaartjies.

Ses vyftien lui die opstaanklok.
Massas voetstappe gefluister in die gang
Dan weergalm die matrieks se stemme in die
gang voor my kamerdeur – verjaarsdagliedjies !!!
Daarna weer net soene van gelukwensing.

Sewe uur – die etensklok lui, vinnig gaan ek eetsaal toe – snaaks, vanoggend is hulle sommer dadelik stil – dis 'n verrassing.
Dan nog 'n groter verrassing – by my eetplek aan tafel is daar 'n magdom van verjaarsdagkaartjies, geskenkies en blomme. Aan eet word daar nie gedink nie, dis net kaartjies lees – lees – lees!! Ons is klaar – weer sing almal in die eetsaal en weer eens tuit my ore – Baie Geluk! Baie Geluk! Baie Geluk!

Dis heerlik en wonderlik om te verjaar en ek sê baie, baie dankie!

**Marinda**
**Standerd 10C**

### NAAMSKENDING

**Ek:** Wurm!!
**Wurm:** Ja, Juffrou. Middag Juffrou.
**Ek:** Wat is my naam, Wurm?
**Wurm:** Ek weet nie, Juffrou. Ag ek meen ek dink ek weet nie, Juffrou.
**Ek:** Waarom weet jy nog nie, Wurm?
**Wurm:** Ek het miskien, vergeet, Juffrou.
**Ek:** Wurm, gaan vind dadelik uit. **Wurm:** Wat Juffrou?
**Ek:** My naam, Wurm!!
**Wurm:** g . . . g . . . goed, Juffrou ek sal dadelik, Juffrou.

---oooOooo---

**Ek:** Wurm!!
**Wurm:** Ja, Jufrou, middag, Juffrou.
**Ek:** Het jy al uitgevind wat my naam is?
**Wurm:** Ja, Juffrou.
**Ek:** Nou wat is dit, Wurm?
**Wurm:** Juffrou se naam is: Nelia, Santjie ag nee Magda . . . ek het vergeet, Juffrou.
**Ek:** Dit begin met 'n "M", Wurm.
**Wurm:** Nou onthou ek, Juffrou, dit is Maranka, nee, Makrinkel ek meen Makranka, Juffrou.
**Ek:** Wurm!! Makranka en Makrinkels! Lyk ek vir jou soos 'n potplant of rinkhals? Ek is nie 'n slang nie! Wurm, ek dink jy moet maar die helilopter Mars toe neem!

**Marinda Kruger 10C**

### DIE KOSHUIS

Die koshuis bly altyd bo
Want as ons wen
Sal jul dit maar net moet glo!

Van ,,swot" tot middernagfees
Ek kan jul verseker
Ons het 'n fantastiese gees!

In die koshuis is vir alles raad.
Geen nonsens word verdra
Veral nie die aanvang van kattekwaad!

Jy oortree dalk 'n koshuiswet
Veral oor 'n naweek
Met al ons baie koshuispret!

So stil soos 'n muis
Dis elke aand na ligte-uit
Anders slaan jy en die prefek vuis!

Hou jou (Ekskuus vir die woord) bek!
Dis die swotsaal se leuse
Voordat hulle jou dalk het!

Elke oggend 'n nare klok wat lui
As jy nog vaak is.
Is jy maar in 'n slegte bui!

In die koshuis is volop st. 6'e
Wat goed moet deurloop
Met die seniors en hul kwaai lesse!

Vergeet maar van stil-stil dieet.
In die koshuis
Sal almal dit raaksien en weet.

Vra maar net vir Hen
Ons kry lekker roomys
Die dag as die koshuis wen!

Koshuis is heerlik, dié kan jy maar glo!
Koshuis bly altyd bo!
Koshuis bo!

**Alma Visser**
**Standerd 8E**

### KOSHUIS-WEEK

**Maandag**
Toe, opstaan ou kind-
die naweek is lankal verdrink,
of ek sal jou moet uitsmyt-
na die naweek se baie jolyt;

**Dinsdag**
Ag tog, dis alweer sport
en ek begin nou al oud word,
maar vannaand is darem weer korrespondensie-
en maak dit my so warm binnein my pensie!

**Woensdag**
Kam jou hare, was jou gesig-
want Ds. kom om ons te betig!

**Donderdag**
Juffrou kom kuier-
en ons almal sit en huiwer,
maar glo my ons is bly-
want dan gaan ons poeding kry!

**Vrydag**
Nog 'n skoolweek is verby-
en netnou is ons weer vry,
dan gaan ons bad en hare was-
en vannaand lekker saam met die seuns lag!

**Saterdag**
Vir ontbyt hou ons piekniek-
vir elkeen in matriek,
die middag is daar tennis-
want so maak ons met die boeties kennis!

**Sondag**
JOU BOEKIE!! JOU HANDSKOEN!! 'n PENNIE DAARBY!!
. . . dan ewe gedweë moet ons kerk toe wei . . .

### REMEMBER

*A song is no song - till you sing it*
*A bell is no bell - till you ring it*
*And love in your heart was not put there to stay, because -*
*that love is not love - till you give it away!*

**Sarie Malan**
**Oud-Koshuisbrak**

### TOE MÓÉS ONS KOFFIE DRINK!

Dis na ligte-uit, en die gasvrye matrieks besluit om die Potchefstromers uit te nooi vir 'n bietjie warm (let wel, wárm) koffie na ligte-uit.

Alles was gereël. Marianne het by Carin se snoepies 'n groot blink beker gekry wat nog voor die ontstaan van die skool bestaan het. Miskien het dit saam met die Groot Trek uit die Kaap uit gekom. In ons lokale koffiekroeg – Neels en Marianne se kamer – was die koffie, suiker, melkpoeier, bekers, en . . . die element natúúrlik reggesit agter die gordyn.
Selfs ons vermaak was gereël. As dit nou so sóú loop dat Juffrou Hönck dalk die koffie sou ruik, want sy sou ons beslis nie hóór nie, dan moes Laetitia, alias Glenda Kemp, regstaan by die deur.

Heel vrolik het dit gegaan . . . tot . . . . ons 'n bulderende basstem aan die bo-punt van die gang gehoor het. Hoe almal so vinnig bedaar het, sal ek nie weet nie. Meteens was dit pikdonker, en só stil dat ek almal se maagsenuwees kon hoor saamtrek.

Of dit van bangheid vir Juffrou Hönck was, of a.g.v. die gesteelde koekies en southappies wat ná die leierskursus oorgebly het, kan ons net raai. Lizette was weer op haar geliefkoosde skuilplek . . . Nelia se kas . . . net jammer sy het met haar klein brose liggaampie op ons eetgoed gestaan!
Dis seker onnodig om te sê dat die prefekte almal vir my gelyk het of hulle "Johnson's Babapoeier" aan hulle gesigte gesmeer het. Hulle was redelik wit! Snaaks, maar Juffrou Hönck besit die vaardigheid om 'n deur blitsvinnig oop te maak, en ook terselfdetyd die lig aan te skakel.
Nou ja . . . ons lewe nog, en dis genoeg. Ek is net baie bly dat ek nie in die gang by Juffrou Hönck moes verby loop na my kamer toe nie.
'n Koffiepartytjie wat ek nooit sal vergeet nie, sowaar!

**Sanna.**
**Koshuis**

## WELKOM, ST. SESSE



### KOSHUIS

verlange huis toe
ligvoets skarrel
donker nag-trane
en drup dof-plof
op die higiëniese wit
van koshuiskussings

Langs die ontspanningsaal lui die telefoon pateties-smekend.

Voor in die beddings bars geel en oranje blomme oop voor die son. Hulle lag en tog is hulle hartseer – soos ons.

Lyste, vorms, lyste . . . Amper onwillig-aangeloos krabbel jy outomaties jou onpersoonlike "voorletter en van" daarop.

Uit die Koshuis: en skielik is jy weer jy . . . of is jy dan nie meer jy nie?

**Mys**
**Standerd 10B**

MY MA KOOP ONS GORDYNE BY

**OLINCO**


WANT HULLE BIED:

- Gratis kwotasies
- Gordyne gratis gemeet
  gemaak
  gepas en
  gehang.

WAARVOOR DUURDER BETAAL?

- Kantgordyne teen billikste pryse;
- Vervaardig van slegs die beste ingevoerde en
- Plaaslike materiale
- Kleurvas, drupdroog, geen gestryk –
- In alle kleure en ontwerpe.

Kom kies uit 'n groot verskeidenheid, puik gehalte gordyne




Verkrygbaar te: **Olinco**
**3 WINKELS**

**Andriesstraat 315, STAD.**
**Esselenstraat 340, (h/v Bourkestr.) SUNNYSIDE.**
**Michael Brinkstr. (h/v. Voortrekkerstr.) GEZINA**

# SPORTMAN VAN DIE KWARTAAL

**Lorris Duncker – nóg 'n sportman wat uit 'n sportfamilie gebore is, maar nie net nóg 'n sportman nie. Wanneer mens na Lorris se swemprestasies kyk, kom jy dadelik tot die gevolgtrekking dat hierdie 'n sportman van formaat is.**

Lorris se moeder was 'n Springbok hokkie kapteine wat 26 toetse vir Suid-Afrika gespeel het en ook N.Tvl. Gholfkleure verwerf het. Sy vader was, op sy beurt, weer Noord-Transvaalse swem- en duikkampioen. Lorris het nie net met die geërfde talent gekom waar hy vandag staan nie, maar met ywer, volharding, veg- en sportmangees. Hy het ook terugslae in sy sover jong swemloopbaan gehad, maar hierdie hindernisse met bogenoemde karaktertrekke oorkom.



*LORRIS DUNCKER*

Lorris Laurentius Duncker is op 8 September 1957 gebore en het sy Laerskoolopleiding aan die Laerskool Anton van Wouw ontvang. Op hierdie jonge ouderdom was dit nog onmoontlik om te spesialiseer aangesien hy ongeveer ewe goed in swem, atletiek en rugby presteer het. In St. 6 is atletiek uitgeskakel het hy as heelagter in die O-13A span diens gedoen, en ook die skool in swem verteenwoordig. Sy tweede jaar aan die Afrikaanse Hoër Seunskool het duidelik getoon dat sy sport-toekoms in swem lê toe hy gekies is vir die Noord-Transvaalse Skole Swemspan. Hy speel egter nog in die O-14A rugbyspan, maar in 1972 besluit die noodlot vir hom. Lorris breek sy been in 'n rugbywedstryd en besef dat rugbybeserings sy swemtoekoms in duie kan laat stort.

Na die uiters noodsaaklike en waardevolle spesialisasie in 1972, volg prestasies mekaar een na die ander op. Lorris verwerf in dieselfde jaar N.Tvl. Lewensreddingskleure as 'n jong kannetjie van veertien jaar. In dié jaar klop Lorris hard aan die deur van senior swem en word in 1973 tot lid van die N.Tvl. Senior Swemspan verkies en behou natuurlik ook sy plek in die N.Tvl. Skole Swemspan. In dié jaar, 1974, word hy weereens verkies tot lid van die N.Tvl. Senior Swemspan en aangewys as kaptein van die N.Tvl. Skole Swemspan. Hy behaal ook die prestasie om as Affies se Swemkaptein verkies te word. Hy is die huidige N.Tvl. Senior borsslagkampioen in die 100 meter en 200 meter met die tye 1 minuut 13,4 sekondes en 2 minute 43,4 sekondes onderskeidelik.

Wanneer ons na Lorris se oefenprogram kyk, besef ons dat enigeen wat sy prestasies wil ewenaar, bloed sal moet sweet om dit reg te kry. Gedurende die somer oefen hy 3 uur en swem 6 000 meters per dag, terwyl hy in die winter liggaamsoefeninge doen en elke tweede dag swem. Sy afrigter is mnr. Henry Jackson, maar Lorris sê dat hy baie van ons skool se puik swemafrigters kon leer.

Lorris dien Affies ook in die hoedanigheid as skoolprefek waarin die hoë dunk wat die Affies vir hom het, asook deur sy verkiesing tot kaptein van ons swemspan, te voorskyn tree. Op akademiese gebied presteer hy ook goed en het hy in 1972 en 1973 akademiese erekleure ontvang en 'n bronsmedalje (vir meer as 15 onderskeidings behaal) verwerf. Hy speel soms muurbal en beoefen sy stokperdjie – voëlboerdery, en die aanhou van 'n klein dieretuin by sy huis, met entoesiasme. Lorris beplan om na matriek te gaan studeer in 'n graad aan die Ingenieurs Fakulteit by Tukkies.

Lorris se christelike karakter kom duidelik na vore uit 'n gesprek met hom. Hy beskou mnr. Terblanché, voormalige hoof van Affies, en die skoolpersoneel as grootste aanmoediging en stimuli vir sy prestasies. Hy verklaar dat een van sy aangenaamste herinneringe aan sy skoollewe die feit sal wees dat hy lid van die Affie-span was wat in die laaste drie jaar die N.Tvl. Skolekampioenskappe gewen het. Hy glo dat die verbeteringe aan ons skool se swembad 'n mooi stap vorentoe is en het ook 'n woord aan sy mede-Affies: "Julle is gelukkig om in 'n skool soos Affies aan swem deel te neem waar die gees en tradisie jou help om goed te presteer. Alles van die beste vir die toekoms!"

Die swemtoekoms van Lorris lyk rooskleurig en net soos daar baie van hom verwag word in die toekoms deur sy afrigter, verwag ons Affies een van die dae 'n nuwe N.Tvl. rekord deur hom. En wie weet; miskien nog 'n Suid-Afrikaanse rekord! Ons wens vir Lorris slegs die allerbeste toe op sy pad na Springbokskap en bring hulde aan 'n gebalanseerde, uitstaande sportman.

## PRAYER OF A CHILD

*The little boy went don on his knees*
*to say his evening's prayer.*
*He started by asking forgiveness for the bees*
*who stung him on his toe so bare.*
*Then he thanked our Lord*
*that his father is on the school board.*
*He also pray for his mother and cat*
*who caught a beautiful rat.*
*At last he thank the Christ*
*for the evening's rice.*

**Carl Muller, St. 10-7**

# RUGBY-VOORUIT-SIGTE

Op Dinsdag 2 April vertrek die eerste en tweede rugbyspanne op 'n toer na Natal. Die reis sal per trein afgelê word. Die manne sal dan tuisgaan in Port Shepstone, by private verblyf. Elke span sal twee wedstryde speel gedurende die toer.

Die eerste span speel teen Die Hoërskool Marais Viljoen en Die Hoërskool Dirkie Uys. Die tweede span speel teen Port Shepstone en Saamwerk.

Op Sondag 7 April keer die span terug. Namens die redaksie wil ons hulle dan ook alles van die beste toewens en mag hulle Affies se naam hoog hou daar "in the last outpost of the British Empire". (In die woorde van Tommy Bedford).

**Jaarprogram:**

Die redaksie maak dan nou ook graag die jaarprogram van die eerste rugbyspan bekend:

**Saterdag 20 April** – A.H.S. teen Tom Naudé
**Saterdag 27 April** – A.H.S. teen Helpmekaar.
**Saterdag 4 Mei** – A.H.S. teen Wonderboom (Adm.)
**Saterdag 11 Mei** – A.H.S. teen Grey College.
**Saterdag 18 Mei** – A.H.S. teen Brits (Adm.)
**Woensdag 29 Mei** – A.H.S. teen Boys High.
**Saterdag 8 Junie** – A.H.S. teen C.R. Swart (Adm.)
**Saterdag 15 Junie** – A.H.S. teen Lyttelton (Adm.)
**Saterdag 22 Julie** – A.H.S. teen Nelspruit.
**Woensdag 31 Julie** – A.H.S. teen Menlo Park (Adm.)
**Saterdag 7 Sept.** – A.H.S. teen ? Finaal vir Administrateursbeker.


KREIDLER FLORETT



PRETORIA ALLEENAGENTE

ACE MOTORS

429 PRETORIUS STR
Tel. 48-3861/2
Bus 2896


* Die Motorfiets Spesialiste

AGENTE OOK VIR

YAMAHA - HONDA - PUCH

# INTERHUIS-MEDEDINGING

# SO STAAN SAKE



**Uitslag van Interhuis**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Koshuis | 165 |
| 2. | Verster | 100 |
| 3. | Steyn | 81 |
| 4.1 | Le Roux | 75 |
| 4.2 | Malherbe | 75 |

**Uitslag van Interhuis**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Huis Steyn | 169 |
| 2. | Huis Koshuis | 135 |
| 3. | Huis Verster | 116 |
| 4. | Huis Le Roux | 109 |
| 5. | Huis Malherbe | 101 |

**Uitslag van Interhuis**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Verster | 224 |
| 2. | Malherbe | 169 |
| 3. | Steyn | 158 |
| 4. | Le Roux | 130 |
| 5. | Koshuis | 71 |

# SPORT

## HOKKIE

In Affies se hokkiegeskiedenis was daar altyd 'n byna ongekende sportmansgees teenwoordig in die speelsters se geledere. Ons voorgangers het gebou en daar word van ons verwag om verder te bou.

Op die oomblik is die entoesiasme oorweldigend – ons hoop net dat alle aspirant-hokkiespeelsters bereid sal wees om hul volle gewig in te gooi en 'n sukses van die seisoen te maak. Slegs deur harde oefening sal ons bo uitkom en ook bydra tot die sportsoort se tradisie in Affies lewer.

Help ons om dit 'n onvergeetlike seisoen te maak!

**Laetitia Steynberg**
**(Hokkiekapteine)**

## NETBAL

Verlede jaar het ons die netbalseisoen met baie geslaagde uitslae afgelsuit. Ek dink in besonder aan juffrou Hirshorn se O/14 span, wat tot in die finaal deurgedring het en met twee pragtige bekers weggeloop. Mooi so O/14's, julle het julle voorwaar knap gedra!

Hierdie jaar gaan ons na die beste van ons vermoëns probeer om die netbalseisoen nog meer geslaagd af te sluit. Ons gaan vroeg begin oefen, sodat ons reg is vir die aanval en dan op die ou end die oorwinning behaal. Ek het 'n voëltjie hoor fluit dat daar 'n junior Noord-Transvaal netbalspeelster in ons midde is, dus word daar net die beste van die O/13's verwag. Maar onthou een maak nie die span nie, maar wel sewe.

Ek is daarvan oortuig dat hierdie jaar, die beste netbaljaar wat daar nog ooit was, sal wees. Slegs dié wat gereeld kom oefen, sal in aanmerking vir 'n plek in die span kom. **Charlotte van den Berg St. 10E**

## ATLETIEK

Besondere prestasies wat gelukwensing verdien:

1. Leonie Gouws het op N.Tvl. Junior atletiekkampioenskappe 3 titels verower, nl. in gewigstoot D/O 16, gewigstoot D/O 18 en skyfwerp D/O 16.

2. Sandra de Wet wat weer eens die N.Tvl Juniorkampioene is in die hoogspring vir D/O 16.

Beide hierdie dogters is gekies as lede van die N.Tvl.-span wat aan die S.A. Juniorkampioenskappe op 5 en 6 April gaan deelneem.

3. Die volgende dogters het eerste plekke op Interhoër behaal:
– Anet Strydom in die 100 Hekkies vir D/O 18.
– Sandra de Wet in die Hoogspring vir D/O 16.
– Leonie Gouws in die Gewigstoot (Nuwe rekord) en Skyfwerp vir D/O 16.
– Talitha Wilkens in die Verspring vir D/o 15 (Nuwe rekord).
– Karin Kellerman in die Gewigstoot vir D/O 15.

Baie geluk aan bg. dogters, asook Catherine Neethling, Antonette Botha, Elise Ungerer en Anna Pio wat die Interbondtoekennings van A.O.P.H. ontvang.

## SWEM

**Besondere Prestasies:**
1. Sonja Germishuis verwerf haar SPRINGBOKKLEURE. Sy verbeter 2 S.A. skole rekords op Kimberley.
2. Susan Sterk, Kobie le Roux, Louise Oosthuizen, Karien Postma en Marlene O'Kelly het almal die Noord Transvaal-span gehaal. Voorwaar 'n puik prestasie!

# ATLETIEK '74:

**Die koshuis het vanjaar weereens bewys wat vermag kan word as daar gereeld geoefen word en die regte gees opgebou word. Hulle het naamlik die ander spanne verpletter en met die beker vir die groot totaal weggeloop.**

**Die koshuis het verdien om te wen, baie geluk koshuis!**

Die byeenkoms was vir 'n tyd lank in die weegskaal a.g.v. die swaar reëns die voorafgaande dae en weke. Dit is miskien 'n rede vir die taamlike swak opkoms van toeskouers (uitgesluit van die koshuis!) Afgesien van die swak toestand van die baan is 'n paar skitterende vertonings gelewer en het heelwat nuwe manne die skare met hul prestasies verbaas. Van die beste prestasies was definitief Piet Louw se nuwe rekord in die 600 meter (dit verbeter Jan Marais se vorige rekord met 'n hele paar sekondes), Frans Vermeulen, een van die manjifieke nuwelinge, se vertonings in die 100, 200 meter, Slang Malan in die 100 en 200 meter, L.M. Rossouw in die 400 en 800 meter en Piet van Wyk, Alex Deacon en Christo Cloete in die paalspring.

Jan Marais verower dan ook die beker vir die 1 500 meter en palm ook die Senior Victor Ludorum in. Die Junior Victor Ludorum gaan aan die skitterende Hennie Botha. Weereens geluk aan die koshuis wat gewen het, die Elande wat tweede was, die Hartbeeste derde en die Koedoes vierde!

## INTERHOËR:

Anders as verlede jaar was die prentjie vanjaar nie weer so donker op interhoër nie en kan die Affies met reg trots wees op hulle prestasies. Alhoewel die verteenwoordiging miskien 'n rapsie beter was as verlede jaar was die gees swakkeer al was die dirigente uitmuntend. Dit wil voorkom of daar geen samewerking tussen die standerds was nie, gevolglik was die sang maar redelik swak. Die atletiekspan het egter beter gelyk. Daar is 23 rekords verbeter. Jan Marais het skitterend gehardloop en 1 min 52, 1 in die 800 meter aangeteken. Affies kon net een O/19 item wen nl. die aflos 'n Waarlik uitstekende span. Hulle was onoorwonne van die begin tot die einde van die atletiekseisoen en het gemaai onder die rekords. In die O/17 afdeling is eerste plekke deur Tiaan Stoffberg in die verspring, Jan Marais in die 800 meter en 1 500 meter behaal. Die O/17 aflos span was dan ook die enigste span wat nie gewen het nie.



*'n Spannende einde! L.M. Rossouw wen die 1500 m naelskraap voor Phillip Uys (links) en Willem Steyn (regs) (Foto: H. Brönn).*

In die seuns O/16 is eerste plekke deur Johan van Niewenhuizen (paalspring), Abel de Kock (800 m), Herman Fourie (1 500 meter), Henry Bartlett (100 m hekkies) behaal.

Seuns O/15: Piet Louw (800m) het hier die enigste eerste plek behaal al was hy nog O/14. Baie geluk Piet!

Affies palm dan ook die volgende bekers in. Die gesogte Seuns Groottotaal (terloops Affies het die beker elke jaar die afgelope dekade verower!) Die seuns aflos totaal, die middelafstande ('n mooi prestasie as daar in ag geneem word dat dit slegs seunspunte is) en die beker vir die beste prestasie gaan aan Jan Marais. Baie geluk Jan!

Die atletiek was van hoë gehalte. Affies kan voorwaar trots wees op sy atletiekspan. Volgende jaar nog beter. Baie geluk aan almal! Affies was toe uiteindelik derde met die groot totaal. CR Swart was eerste met 198½, Erasmus volg met 171 en Affies met 154.

## APPEL:

Ja nee! Affies het nog baie om te leer as dit by atletiek kom. Dit het hierdie jaar al baie baie beter gegaan as verlede jaar maar daar lê 'n lang pad voor. Tog het Affies daarin geslaag om die uitdunronde te wen. En dis nie te versmaai nie. Ons reken o.a. met Warmbad, Wonderboom, Erasmus, Pretoria-Noord en Lyttelton af. Jan Marais lewer 'n skitterende vertoning in die 800 meter met 'n tyd van 1 min 53,2 sek. Frans Vermeulen presteer besonder goed. Dti was veral ons paalspringers wat vir ons die meeste punte ingesamel het. Hier was dit veral Alex Deacon, Piet van Wyk en Christo Cloete. In die 800 meter seuns onder 19 het hartbreker L.M. Rossouw sy aller beste tyd gehardloop en waardevolle punte ingesamel. Die aflosse was weereens onoorwonne. Dit het eintlik so goed gegaan dat Affies as een van die gunstelinge beskou was om die Noord-Transvaal ronde van die Appel-reeks te wen. Daar was ietwat van 'n skommeling in die span in te voeg.

Beserings het egter die span gekortwiek en was menige staatmaker nie tot sy beste in staat nie. Dit was 'n dag van groot atletiek alhoewel daar noodwendig geen ondersteuning van die skool was nie. Affies was aanvanklik agter met die punte totaal maar met prestasies soos L.M. Rossouw se 1 min 56,8 sek in die 800 meter en die skitter oorwinning van die O/19 aflos, was ons in die eerste plek. Rustenburg het egter op hierdie stadium van sy naellopers gebruik gemaak en al het Frans Vermeulen en Slang Malan alles in die stryd gewerp, het Rustenburg punte by dosyne ingepalm. Weereens het die paalspringers pragtig presteer en waardevolle punte ingesamel. Mooi so Piet, Alex en Christo. Alex Deacon word ongelukkig in die hekkie item gediskwalifiseer maar Jan Marais vergoed darem hiervoor en raap die 400 meter voor die neus van Sarel Lizamore weg in Jan se beste tyd van 48,6 sekondes. Jan Marais wen ook die 1 500 met 'n tyd van 4 min, 11 sek. Die aflos S/O17 wen dan ook die nommer maar alle hoop op 'n sege was lank reeds verydel. Affies het net nie die diepte nie.

Die stand van spanne was soos volg: Menlo Park en Rustenburg 121, A H S 90, Erasmus 85, Lyttelton 83, C R Swart 78, Warmbad 67 en Wonderboom 57.

*Vir kwaliteite sportbenodighede kom na*

**FRIKKIE UYS**

SPORT en MANSUITRUSTERS
(Edms.) Bpk.